



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

DRAMATIESE KUNSTE

NOVEMBER 2011

# POSSIBLE ANSWERS

**PUNTE: 150**

**Hierdie memorandum bestaan uit 31 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## ALGEMENE NOTAS VIR NASIENERS

1. Skryf kort opmerkings waarom daar 'n punt af- of opgemerk is indien die memo nie 'n duidelike riglyn gee nie en die nasiener eie diskresie moet gebruik.
2. Maak duidelike merkies om die leerpunt wat geassesseer word, aan te dui. Nasieners behoort aktief om te gaan met die antwoord.
3. Hoofnasieners moet die rubriek *(rubric)* fasiliteer met die nasieners – gelei deur vlakbeskrywers *(level descriptors)* in Dramatiese Kunste.
4. Gereelde konsultasierondtes is nodig om te verseker dat die nasienproses gestandaardiseer is.
5. In die geval waar 'n kandidaat meer as die voorgestelde getal woorde skryf – moenie penaliseer nie (opstelvraag).
6. Die memobesprekingsforum kan nie alle response voldoende voorspel nie. Provinsiale nasieners moet dit in aanmerking neem en oop wees vir kandidate se response en seker maak dat verskillende onderrigstyle nie die leerder benadeel nie.
7. Spandeer die eerste dag aan die ontleding van die kwaliteit en kwantiteit van die bewyse in die memo en aan standaardisering en om gemeenskaplike definisies en konsepte te vind.
8. Nasieners moet seker maak dat die kandidaat se antwoord in lyn is met die Assesseringstandaard-bewyse vir daardie vraag.

**INSTRUKSIES AAN DRAMATIESE KUNSTE NASIENERS AANGAANDE DIE GRAAD 12-VRAESTEL**

1. Die vraestel is DRIE uur lank.

2. Die TOTALE punte vir die vraestel is 150.

3. Leestyd van VYFTIEN minute moet voor die aanvang van die vraestel aan kandidate toegestaan word. Dit is noodsaaklik om aan kandidate die geleentheid te bied om die nodige keuses te maak.

4. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings: AFDELING A, AFDELING B en AFDELING C.

5. AFDELING A tel uit 30 punte, AFDELING B tel uit 60 punte, AFDELING C tel 60 punte.

6. AFDELING A bestaan uit TWEE vrae wat hoofsaaklik fokus op LU3, maar LU2 word ook direk en indirek getoets :

   - VRAAG 1: Epiese Teater (*Kaukasiese Krytsirkel*, *Moeder Courage* of *Kanna Hy Kô Hystoe*)
   - VRAAG 2: Absurde Teater (*Afspraak met Godot*, *Die Kaalkop Prima Donna,* of *Bagasie*)

   Kandidate moet EEN van die twee vrae beantwoord.

7. AFDELING B bestaan uit AGT vrae wat hoofsaaklik fokus op LU3 (maar ander LU's word ook direk en indirek getoets) en op spesifieke dramas uit die Suid-Afrikaanse teaterbeweging:

   - VRAAG 3 (*Boesman en Lena*),
   - VRAAG 4 (*uNosilimela*)
   - VRAAG 5 (*Woza Albert!*)
   - VRAAG 6 (*Sophiatown*)
   - VRAAG 7 (*Nothing but the Truth*)
   - VRAAG 8 (*Groundswell*)
   - VRAAG 9 (*Siener in die Suburbs*)
   - VRAAG 10 (*Mis*)

   Kandidate moet TWEE van die agt vrae beantwoord.

8. AFDELING C betaan uit DRIE vrae wat hoofsaaklik fokus op LU1 en LU4. LU2 word ook direk en indirek getoets. Hierdie afdeling is VERPLIGTEND.

   Die gewigswaarde van die LU's vir die vraestel volgens die VAR- ('SAG') dokument is die volgende: :
   - LU1 – 20% (30 punte)
   - LU3 – 60% (90 punte)
   - LU4 – 20% (30 punte)

## AFDELING A: BEGRYP EN ANALISEER

**Kandidate moes EEN vraag beantwoord, òf VRAAG 1: EPIESE TEATER òf VRAAG 2: TEATER VAN DIE ABSURDE.**

## VRAAG 1: EPIESE TEATER

KANDIDATE HET HIERDIE VRAAG BEANTWOORD INDIEN HULLE *KAUKASIESE KRYTSIRKEL* ÓF *MOEDER COURAGE* ÓF *KANNA HY KÔ HYSTOE* BESTUDEER HET.

1.1 *Die opstelle behoort nagesien te word volgens die matriksriglyn en behoort die kandidaat se benaderingswyse in ag te neem. Gemotiveerde, oorspronklike antwoorde wat insig toon moet krediet kry.*

| KATEGORIE | PUNTE | BESKRYWERS (BEWYSE) |
|---|---|---|
| **Uitstaande prestasie (hoër orde)** | 26–30 | • Goed georganiseerd, volledig en logies, afgeronde struktuur.<br>• Antwoord word ondersteun deur 'n uitsonderlike hoë vlak van bevoegdheid om inligting te verwerk tot 'n oorspronklike interpretasie en 'n deurdagte keuse van feite.<br>• Gebruik 'n verskeidenheid van relevante dramatiese verwysings.<br>• Toon insig; is vloeiend; uitstekende uitdrukkings-vermoë van waarnemings en kennis. |
| | | Kandidaat bespreek die didaktiese aard van die toneelstuk en hoe die temas en onderwerp die gehoor aanmoedig om oplossings uit te dink en sosiale verandering te bevorder. Hy/sy verwys na spesifieke vervreemdingstegnieke van Epiese Teater en gee voorbeelde van die tegnieke in die toneelstuk. Die opvoeringsgerigte aspekte van die toneelstuk word goed bespreek. Die kandidaat toon 'n uitstekende begrip van Epiese Teater en Brecht se filosofie. |
| **Verdiensteli-ke prestasie (hoër orde)** | 22–25 | • Goed georganiseerd, gedetailleerd en omvattend, afgeronde struktuur.<br>• Ondersteun deur 'n hoë vlak van bevoegdheid en deurdagte keuse van feite om inligting te verwerk.<br>• Gebruik 'n keuse van relevante dramaverwysings.<br>• Toon insig en waarneming; kennis word goed verwoord. |
| | | Hierdie kandidaat het 'n soortgelyke vlak van kennis van Epiese Teater, Brecht en die toneelstuk wat bestudeer is as die Uitstaande kandidaat. Die hoofverskil is die vermoë om aansluiting te vind by die opstel se onderwerp; die bespreking van die onderwerp en om taal effektief te gebruik. Dikwels gee die kandidaatte veel inligting weer, maar dit is nie korrek nie. |

| | | |
|---|---|---|
| **Bevredigende prestasie (middel orde)** | 18–21 | • Georganiseerd, gedetailleerd, 'n bevredigende vlak van bevoegdheid, sommige geringe foute is waarneembaar in die essay-struktuur.<br>• Interessante aanbieding, duidelike en logiese stellings, oortuigend, eenvoudige taalgebruik.<br>• Ondersteun deur 'n keuse van relevante drama-verwysings.<br>• Toon 'n goeie begrip van die onderwerp. |
| | | ÒF: Kandidaat poog om die didaktiese aard van die toneelstuk te bespreek en hoe die onderwerp waaroor dit handel, vervreemdingstegnieke en karakters die gehoor aanmoedig om te dink. Hy/sy verwys na sommige tegnieke van Epiese Teater, maar is vaag oor hoe hierdie tegnieke in die toneelstuk aangebied word. Die kandidaat toon 'n goeie begrip van Epiese Teater en Brecht se filosofie.<br>ÒF: Uitstekende ontleding van Epiese Teater, Brecht en die toneelstuk wat bestudeer is, maar in die opstel is aansluiting by die vraag per toeval, eerder as wat die opstelonderwerp bespreek word. |
| **Voldoende prestasie (middel orde)** | 14–17 | • Struktuur nie noodwendig logies nie.<br>• Demonstreer begrip, maar is geneig om by tye ondeurdagte en stereotipe antwoorde te verskaf.<br>• Genoegsame seleksie van relevante 'dramatiese' verwysings.<br>• Voldoende beantwoord, maar kan gememoriseerd voel. Nie altyd 'n hoë vlak van insig nie. |
| | | Kandidaat is goed voorbereid en kan detail gee oor Epiese Teater, Brecht en die toneelstuk wat bestudeer is, maar het nie die vermoë om aan te sluit by die onderwerp van die opstel nie. Dikwels lyk die werk asof dit 'n herhaling van klasnotas is en mag dus gefragmenteerd wees. Maar die kandidaat het 'n voldoende kennis van die inhoud. |
| **Middelmatige prestasie (middel orde)** | 10–13 | • Nie altyd georganiseerd nie, struktuur nie logies nie.<br>• Beperkte seleksie van inligting; swak taalvaardigheid mag 'n bydraende faktor wees.<br>• Kandidaat toon nie die vermoë om sy/haar antwoord met toepaslike voorbeelde te ondersteun nie. |
| | | Kandidaat het kennis van Epiese Teater, Brecht en die toneelstuk wat bestudeer is, maar is geneig om alles wat hy/sy ken neer te skryf sonder om aan te sluit by die opstelonderwerp of om sy antwoord met die teatergeskiedenisaspek en die toneelstuk te verbind. Inligting is oor die algemeen korrek, maar mag op 'n verwarde manier aangebied word. Dit is geneig om ÒF 'n aaneenlopende geskryf (geen paragrawe) te wees ÒF kort sinne wat sekere aspekte van die inhoud verduidelik. Ken die inhoud van die toneelstuk wat bestudeer is. |

| | | |
|---|---|---|
| **Elementêre prestasie (laer orde)** | 06–09 | • Onsamehangend – geen struktuur, beperkte woordeskat, min poging aangewend om die inligting op 'n aanvaarbare manier aan te bied.<br>• Baie min inligting, deurmekaar, moeilik om te volg, dikwels irrelevant.<br>• Kandidaat toon nie die vermoë om sy/haar antwoord te ondersteun met toepaslike voorbeelde nie. |
| | | Kandidaat toon aanduidings van kennis van Epiese Teater, Brecht en die toneelstuk wat bestudeer is, maar is geneig om kort frases oor die inhoud van die toneelstuk of teorie wat geleer is, neer te skryf. Dikwels word foutiewe inligting ook gegee (oor 'n ander toneelstuk /karakters of 'n ander deel van teatergeskiedenis). Die nasiener sal in die antwoord moet soek vir korrekte inligting. Moeilik om te merk omdat dit by die eerste oogopslag lyk asof die hele antwoord foutief is. Die kandidaat is geneig om die storie van die toneelstuk te vertel. Kandidaat se antwoord toon geen verband met die onderwerp van die opstel nie. |
| **Onvoldoende (laer orde)** | 0–05 | • Onsamehangend, baie min werk gelewer, beperkte vaardighede, benodig ondersteuning<br>• Irrelevant.<br>• Eenvoudige frases of woorde wat die kandidaat geleer het, maar nie verstaan nie.<br>• Totale gebrek aan vloei en struktuur – baie onsamehangend |
| | | Die kandidaat se kennis van Epiese Teater, Brecht en die toneelstuk wat bestudeer is, is swak. Dikwels word foutiewe inligting gegee. Is geneig om 'n lys van woorde, frases en sinne neer te skryf in die volgorde waarin die kandidaat dinge onthou. Kandidaat skryf rond en bont, en terminologie en praktisyns word met mekaar verwar. |

**[30]**

**OF**

## VRAAG 2: TEATER VAN DIE ABSURDE

KANDIDATE HET HIERDIE VRAAG BEANTWOORD INDIEN HULLE *AFSPRAAK MET GODOT* ÓF *DIE KAALKOP PRIMA DONNA* ÓF *BAGASIE* BESTUDEER HET.

Die opstelle behoort volgens die matriksriglyn nagesien te word. Neem die kandidaat se benaderingswyse tot die onderwerp in ag. Gemotiveerde, oorspronklike antwoorde wat insig toon moet krediet kry.

| KATE-GORIE | PUN-TE | BESKRYWERS (BEWYSE) |
|---|---|---|
| **Uitstaande prestasie (hoër orde)** | 26–30 | • Goed georganiseerd, volledig en logies, afgeronde struktuur.<br>• Ondersteun deur 'n uitstekende hoë vlak van bevoegdheid om inligting te verwerk tot 'n oorspronklike interpretasie en deurdagte keuse van feite.<br>• Gebruik 'n verskeidenheid van relevante dramatiese verwysings.<br>• Toon insig; is vloeiend; uitstekende uitdrukkingsvermoë van waarnemings en kennis. |
| | | Kandidaat bespreek die uitgangspunt van absurdisme dat menslike bestaan sinneloos is en dat mense poog om betekenis te vind in die wêreld om hulle deur 'n tipe orde en struktuur te skep. Die kandidaat bespreek duidelik hoe die plot sirkelvormig is met geen definitiewe begin, middel en einde nie, wat help om die betekenis-loosheid van die lewe te beklemtoon. Is in staat om duidelik te toon dat taalgebruik verminder word na betekenislose clichés. Is in staat om die statiese aard van die karakters en hul herhalende handelinge aan te toon. Die kandidaat gee relevante voorbeelde uit die toneelstuk wat hy/sy bestudeer het. Die kandidaat toon 'n uitstekende begrip van Absurde Teater en die toneelstuk wat bestudeer is. |
| **Verdiens-telike prestasie (hoër orde)** | 22–25 | • Goed georganiseerd, gedetailleerd en omvattend, afgeronde struktuur.<br>• Ondersteun deur 'n hoë vlak van bevoegdheid en deurdagte keuse van feite om inligting te verwerk.<br>• Gebruik 'n keuse van relevante dramaverwysings.<br>• Toon insig en waarneming; kennis word goed verwoord. |
| | | Hierdie kandidaat het 'n soortgelyke vlak van kennis van Absurde Teater en die toneelstuk wat bestudeer is as die Uitstaande kandidaat. Die hoofverskil is die vermoë om aansluiting by die opstel se onderwerp te vind. Is daartoe in staat om die onderwerp te bespreek en om taal effektief te gebruik. Dikwels oorskryf hierdie kandidaat deur korrekte inligting neer te skryf, maar hy/sy toon nie die bondigheid en oorspronklikheid van die Uitstaande kandidaat nie. |
| **Bevredi-gende prestasie (middel orde)** | 18–21 | • Georganiseerd, bevat detail, daar is 'n vlak van bevoegdheid, sommige foute is waarneembaar in die essay-struktuur.<br>• Interessante aanbieding; duidelike en logiese stellings; oortuigend; eenvoudige en direkte taalgebruik.<br>• Ondersteun deur 'n keuse van relevante dramaver-wysings.<br>• Toon 'n goeie begrip van die onderwerp |

| | | |
|---|---|---|
| | | ÒF: Kandidaat poog om die plot, dialoog, karakters en hulle handelinge te bespreek. Hy/sy verwys na sommige voorbeelde van Absurde Teater, maar is vaag oor hoe hierdie tegnieke in die toneelstuk aangebied word. Die kandidaat toon 'n goeie begrip van Absurde Teater en die toneelstuk wat bestudeer is.<br>ÒF: Uitstekende ontleding van Absurde Teater en die toneelstuk wat bestudeer is, maar in die opstel is aan-sluiting by die onderwerp per toeval, eerder as wat die opstelonderwerp bespreek word. Dialoog word genoem, maar kandidaat bespreek dit d.m.v. veralgemening. Dikwels word die karakters net gelys en 'n kort karakterskets van elk word gegee. |
| **Voldoende prestasie (middel orde)** | 14–17 | • Struktuur nie noodwendig logies nie.<br>• Demonstreer 'n basiese begrip, maar is by tye geneig om meganiese en stereotipe antwoorde te verskaf.<br>• Genoegsame seleksie van relevante 'dramatiese' verwysings.<br>• Voldoende beantwoord, maar voel gememoriseerd. Nie altyd 'n hoë vlak van insig nie. |
| | | Kandidaat is goed voorbereid en kan detail gee oor Absurde Teater, plot, dialoog, karakters en die toneelstuk wat bestudeer is, maar kan dit nie van toepassing maak op die opstelonderwerp nie. Dikwels lyk die werk asof dit 'n herhaling van klasnotas/karaktersketse is wat in die klas uitgedeel is en mag dus gefragmenteerd wees. Maar die kandidaat het 'n soliede kennis van die inhoud. |
| **Middelmatige prestasie (middel orde)** | 10–13 | • Nie altyd georganiseerd nie, struktuur nie altyd logies nie.<br>• Beperkte seleksie van inligting; swak taalvaardighede kan 'n bydraende faktor wees.<br>• Kandidaat toon nie die vermoë om sy/haar antwoord te ondersteun met toepaslike voorbeelde nie. |
| | | Kandidaat het kennis van Absurde Teater, plot, dialoog, karakters en die toneelstuk wat bestudeer is, maar is geneig om alles wat hy/sy ken neer te skryf sonder om aan te sluit by die opstelonderwerp. Inligting is oor die algemeen korrek, maar mag op 'n verwarde manier aangebied word. Dit is geneig om ÒF 'n aaneenlopende geskryf (geen paragrawe) te wees ÒF kort sinne wat sekere aspekte van die inhoud verduidelik. Ken die inhoud van die toneelstuk wat bestudeer is. |
| **Elementêre prestasie (laer orde)** | 06–09 | • Onsamehangend – geen struktuur, beperkte woordeskat, min poging aangewend om die inligting op 'n aanvaarbare manier aan te bied.<br>• Baie min inligting, deurmekaar, moeilik om te volg, dikwels irrelevant.<br>• Kandidaat toon nie die vermoë om sy/haar antwoord te ondersteun met toepaslike voorbeelde nie. |

| | | |
|---|---|---|
| | | Kandidaat toon aanduidings van kennis van Absurde Teater, karakters en die toneelstuk wat bestudeer is, maar is geneig om kort frases oor die plot, dialoog en karakters neer te skryf. Dikwels word foutiewe inligting ook gegee (oor 'n ander toneelstuk/karakters of 'n ander deel van teatergeskiedenis). Die nasiener sal in die antwoord moet soek vir korrekte inligting. Moeilik om te merk omdat dit by die eerste oogopslag lyk asof die hele antwoord foutief is. Die kandidaat is geneig om die storie van die toneelstuk te vertel of om kort karaktersketse weer te gee. |
| **Onvol-doende** | 0–09 | • Onsamehangend, baie min werk gelewer, beperkte vaardighede, benodig ondersteuning<br>• Irrelevant.<br>• Eenvoudige frases of woorde wat toon dat die kandidaat geleer het, maar nie verstaan het nie. |
| | | Die kandidaat se kennis van Absurde Teater, plot, dialoog, karakters en die toneelstuk wat bestudeer is, is swak. Dikwels word foutiewe inligting gegee. Is geneig om 'n lys van woorde, frases en sinne neer te skryf in die volgorde waarin die kandidaat dinge onthou. Kandidaat skryf rond en bont op 'n verwarde manier. |

**[30]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: BEGRYP EN ANALISEER

## VRAAG 3: *BOESMAN EN LENA* DEUR ATHOL FUGARD

3.1 3.1.1 Aanvaar kandidaat se antwoorde as dit goed deur verwysings na die teks gemotiveer word. Kan die volgende insluit:

In die foto lyk die fisiese omgewing nogal skilderagtig en mooi met die berge en die pragtige natuurskoon. Dit lyk nie troosteloos en treurig soos die beskrywings wat in die toneelteks gegee is nie. Die prentjie wat Lena in die toneelstuk skep suggereer dat die plekke verlate, neerdrukkend, alleen, geïsoleerd en ellendig is – om die waarheid te sê is dit nie gepas vir menslike bewoning nie. Bv: sy sê in een toneel – 'Die wêreld voel maar wyd as jy so sit... nie eens 'n bossie om hom jou eie size te maak nie.' Ander kere praat sy oor die water, modder en die wind. Boonop is dit nie so maklik om sulke gedetailleerde toneelinkleding op die verhoog te hê nie.

Kandidate mag sê dat die kostuums armoedige en hawelose mense weerspieël. Dit lyk asof hulle lae klere oor mekaar aanhet omdat hulle nêrens 'n plek het om hul klere te hou nie en hulle ook so aantrek vir beskerming teen die weer. Die klere lyk in 'n goeie toestand. Beide karakters lyk nie so erg armoedig op die prentjie nie.

OF – Hulle mag sê dat die karakters te goed aangetrek is. Boesman en Lena behoort baie ou en stukkende klere te dra/ Lena se rok behoort te groot vir haar te wees. Sy behoort ook 'n 'doek' op haar kop te hê. Hulle kostuums behoort hulle lae stand en uiterste armoede aan te dui. Die toneelteks suggereer dat Boesman 'n ou geskeurde sportbaadjie en 'n ou hemp aanhet.

Die karakters is ook minder belas met dinge wat hul ronddra as wat die teks impliseer. Rekwisiete is te min omdat die teks suggereer dat hulle stukke sinkplaat dra wat hulle gebruik om hulle pondok mee te bou. Boesman behoort 'n matras, kookgereedskap, bokse ens te dra. Kandidaat kan sê dat almal geskik is. (6)

3.1.2 Aanvaar die kandidaat se antwoord as dit goed deur verwysing na die teks gemotiveer word. Gebaseer op die inligting wat die teks gee, sal die meeste kandidate 'Nee' antwoord. Die foto wys 'n paartjie wat redelik vreedsaam hande vashou terwyl die toneelteks die misbruik van hul verhouding uitlig – Boesman wat Lena slaan omdat sy die leë bottels breek terwyl dit in werklikheid hyself is wat dit gebreek het; Lena wat vir Outa haar kneusplekke wys; Lena wat haar kneusplekke tel. Boesman mishandel haar verbaal, spot haar en veroorsaak dat sy haarself bevraagteken; hy verwaarloos haar en weier vir lang periodes om met haar te praat. Op geen tydstip sien ons regtig 'n paartjie wat aan mekaar verbonde is soos in die foto nie. Boonop lyk die karakters in die foto nie so verslaan deur die lewe soos Boesman en Lena in die teks is nie. Party kandidate mag dalk die akteurs in die foto identifiseer (Angela Basset en Danny Glover) en sê dat hulle nie van Suid-Afrika afkomstig is nie en daarom nie gepas sal wees om Boesman en Lena akkuraat voor te stel nie. Aanvaar 'Ja' as die kandidaat 'n goed gemotiveerde antwoord gee. (5)

3.2 Lena probeer deurgaans sin van haar lewe maak en sy probeer haar situasie verstaan. EERSTENS deur te probeer uitwerk waar sy is en waarvandaan sy kom. Die kandidaat kan die Bybelse verwysing bespreek. Lena sal hou van 'n ander identiteit of om haar situasie te verander. Sy het al na so baie plekke geloop en sy probeer die regte volgorde van plekke onthou omdat dit haar sal help om duidelikheid en rigting te kry. Sy probeer ook haar ervaring te kwantifiseer deur die hoeveelheid kneusplekke op haar liggaam te tel. Elke kneusplek het 'n storie. Sy probeer deur haar gesprekke met Outa haar lewe herbou. Sy gebruik hom as 'n klankbord omdat hy haar nie oordeel nie; hy luister net na haar. Sy herroep haar aantal kinders wat doodgebore is, die hond wat sy nie kon gehad het nie en die tye toe Boesman nie so vol haat was nie. Wanneer Outa haar naam sê, gee sy erkenning dat sy lewend is en haar bewussyn van haarself word volkome as sy met hom 'n band smee. Wanneer Outa sterf besef Lena finaal dat sy selfwaarde en beheer het en sy sê 'Ek is Lena' en sy het haar krag weer terug. (4)

3.3 Lena kan gelei word om die reël 'Wie's jy?' redelik aggressief te sê. Sy kan nader aan Boesman beweeg wanneer sy praat. Boesman – sy lag kan stadig wegsterf of hy kan halfpad ophou lag, terwyl hy frons of Lena kwaai en nors aankyk omdat hy nie wie hy regtig is wil konfronteer nie. Aanvaar kandidaat se antwoorde indien dit goed gestaaf word. (4)

3.4 Fugard gebruik 'n mengsel van Afrikaanse en Engelse spreektaal/dialek om die taal van die bruin mense van Port Elizabeth akkuraat voor te stel. Boesman en Lena praat Afrikaans wat deurspek is met Engelse frases en idiome. Dit is omgangstaal, gesprekstaal, alledaagse taal waarmee die gehoor bekend sou wees. (3)

3.5 Boesman haat wie hy is en wat hy geword het – 'n armoedige dronkaard wat geen plek van sy eie besit nie. Hy is gevul met selfhaat en afkeer in homself asook haat vir die wit regering wat hom verlaag het tot 'vuilgoed'. Die gevolg is dat hy geen mag of beheer oor enigiets het nie en hy voel ontman. Die enigste persoon wat hy kan beheer en mag oor uitoefen is Lena. Sy is sy 'slaansak', iemand wat aan sy sy bly ongeag hoe sleg hy haar behandel. Alhoewel hy dit nie sal erken nie, het Boesman vir Lena nodig om betekenis aan sy lewe te gee. Soos Fugard sê, was sy 'sy lewe ... tasbaar en naby genoeg om geslaan, bespot, en die ergste van alles, benodig te word.' Hy haal sy frustrasies en bitterheid op Lena uit en alhoewel hy haar wil verlaat, doen hy dit nie omdat hy in werklikheid niemand anders het nie. Dit is duidelik waarneembaar wanneer Lena toenadering tot Outa toon. Boesman word baie jaloers en kwaad. Die feit dat Lena 'n verbintenis met iemand anders gemaak het, maak Boesman bang omdat hy baie weerloos en alleen voel. Hy reageer op die enigste manier wat hy ken – deur geweld. Alhoewel Boesman vir Lena nodig het, wys hy dit op die teenoorgestelde manier deur sy oorheersing en sy beheer oor haar.

| PUNTE | 3.5 | BESKRYWER |
|---|---|---|
| 7–8 | Baie goed | Kandidaat is in staat om duidelik en op die punt te antwoord en verwys na mishandeling en hoe Boesman vir Lena in die toneelstuk behandel. Hy/sy kyk ook sorgvuldig na die redes hoekom Boesman is soos hy is. Hy/sy gebruik voorbeelde uit die toneelstuk. Die kandidaat demonstreer 'n uitstekende begrip van die kompleksiteite van 'n situasie waar daar mishandeling voorkom. |
| 5–6 | Goed | Kandidaat verwys na mishandeling en die manier waarop Boesman vir Lena in die toneelstuk behandel. Die kandidaat demonstreer begrip van situasies waarin daar mishandeling voorkom, maar motiveer nie altyd stellings wat gemaak is nie. |
| 3–4 | Gemiddeld | Kandidaat verduidelik mishandeling en dat Boesman daaraan skuldig is, maar brei nie uit op hierdie feit nie. Gee 'n paar eenvoudige voorbeelde uit die toneelstuk. |
| 0–2 | Swak | Kandidaat is geneig om 'n algemene stelling oor mishandeling te maak (korrek in die lig van die toneelstuk en die situasie) en hoe sleg dit is OF sê dat Boesman vir Lena slaan (een punt). |

(8)
**[30]**

## VRAAG 4: *uNOSILIMELA* DEUR CREDO MUTWA

***Hierdie memo is nie in Afrikaans vertaal nie, aangesien die drama slegs in Engels beskikbaar is.***

4.1 'The hand that strikes the mother is cursed throughout the land!'(line 12)

4.1.1 Any TWO:

- Becomes cursed throughout the land
- Expelled from household/homestead
- Wanders, suffers and never settles
- Exiled from village/land of his or her people for 15 years (2)

4.1.2 The symbolism that she is casting a curse on uNosilimela. This also means that if the Earth Mother has deserted her, her ancestors have also deserted her. There is also the further effect that since The Earth Mother and her ancestors have deserted her (uNosilimela) no one would want to be seen associating with her, lest bad consequences befalls him/her and the family / village. (2)

4.2
- She will use resonance and project her voice, use a lower range to reflect a deep sound. This will make her sound divine/godlike.
- She should lower the pitch for a deeper sound.
- She will gradually raise the pitch to increase the intensity.
- As she produces the above sound she will maintain a good posture by keeping her head up (i.e. head well balanced on the shoulders).
- She will look the other characters straight in the eye.
- Her emotions will be produced from the centre of her body.
- As she walks away she will take long and steady strides, a 'movement' that will contribute to her being seem as Godly and graceful.

Mark holistically. (6)

4.3 uMagadlemzini
- Would crouch, be on his knees and not look uNamkhubulwana straight in the eye.
- Whilst on his knees he would raise both hands to symbolise submission
- Whilst on his knees and raising his hands, periodically clasp the palms of his hands as a symbol of requesting mercy on behalf of his daughter
- Though uMagadlemzini is a king, this reaction will portray show him according the atmost respect and venerating the Spirit of uNamkhubulwana as the Supreme Progenitor.
- He is a king but wants mercy for his daughter.

uNosilimela
- Would crouch, sit on the ground with both her feet facing the left and fix her gaze on the ground
- Whilst seated on the ground she would bring both hands together, gently clapping them as a way of showing remorse and asking for forgiveness
- Though uNosilimela is a princess, this reaction will show her remorse and realisation that she has overstepped the mark. She asks for forgiveness and more importantly, requests uNamkhubulwana the Supreme Progenitor not to punish the whole village for her mistake
- She is a princess and proud. She is hoping that her offence will go unpunished.

**NOTE:** Candidate has to discuss both uMagadlemzini and uNosilimela and not concentrate on only one of the characters. (6)

4.4 In this play, Mutwa uses iDlozi (similar to Greek theatre) to:
- Prepare the audience for the action and the entrances of characters
- Provide information about the past and present
- Provide additional information to the audience that the characters may not be able to give
- Shed light on the status of the godly/divine state
- Create a rhythmic connectivity through out the play

If the candidate only discusses who the 'IDLOZI' are award a max 2 marks. Examples from the play to be credited. (6)

4.5 Accept candidate's responses if well motivated by reference to the text. May include the following:

- This play portrays Credo Mutwa as a prophet. This play was written before the 1976 schools uprisings. In this play Mutwa vividly portrays the uprisings with its consuming fire, guns, machinery used, etc.
- This play dispels the myth that African people do not have a tradition of formal theatre.
- Epic nature of the play is interesting to study
- The use of costumes and props are theatrical and involve the use of masks. This will be interesting to study.
- Characters in the play living in two worlds (the urban modern and the rural traditional) provide a wide scope for interpretation.
- In this world today (2011) where Christianity, Islam, Catholicism, and other religions having taken centre stage, this play unapologetically sheds light into African religion and how it is similar to or related to other religions. In spite of the country's historical and racial past, this play accords the actors and the audience a better understanding and appreciation of other people's religion and culture. It underpins the notion that there is no religion which is above the other and that there is a relationship between African religion, Catholicism, Christianity, Islam, and others. Therefore, the actors and the audience are exposed to religious tolerance and diversity, with a better understanding of African religion
- Even today, this play debriefs a lot of misconceptions about African religion and culture.
- It is still relevant to dispel the myth that African people 'worship' ancestors, but that in African culture there is a link between God, culture and the people. Ancestors act as emissaries rather than being 'worshipped'.

| MARKS | 4.5 | DESCRIPTOR |
|---|---|---|
| 7–8 | Very good | Candidate is able to answer clearly and directly explaining the relevance to students today. He/She uses examples from the content and the theatrical performance the play. The candidate demonstrates an excellent understanding of uNosimela. |
| 5–6 | Good | Candidate refers the importance of the play to students today but tends to focus in the issues rather than theatrical performance. The candidate demonstrates an understanding of uNosimela but does not always motivate statements made. |
| 3–4 | Average | Candidate makes statements about the relevance of the play that are not supported. Gives some simple examples from the play. |
| 0–2 | Weak | Candidate tends to make a generalised statement about the relevance of the play and is accurate by chance rather than intention. |

(8)
**[30]**

## VRAAG 5: *WOZA ALBERT!* DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON

***Hierdie memo is nie in Afrikaans vertaal nie, aangesien die drama slegs in Engels beskikbaar is.***

5.1 In accordance with the intentions of Poor Theatre, the play makes minimal use of props. The boxes are multi functional and used for various purposes such as:

- Seats: During the performance the actors use the boxes for sitting
- Blocking: The actors' movements and 'acting area' is marked by the positioning of the boxes
- Train seats, the vendor's table, rubbish bin, truck bed (actors coal vendors)
- Accept candidate's responses if valid. (3)

5.2 Accept creative interpretations. May include the following description. They will be seated on the blocks along side each other. One would be miming holding the helicopter 'driving wheel' (as if he is the pilot), whilst the other will spin his arm above his head. Whilst the one with his arms spinning above his head will make the whooshing sound of the helicopter's blades, the other will be miming talking above the 'sounds of the helicopter' (lines 4–28). When it is the turn of the one making the helicopter sounds to talk, the other will make the helicopter sounds. The use of verbal dynamics will enhance the performance of the piece. They mime walkie talkies and pretend to look out of the windows at the sea below. They lean to one side to mimic the helicopter turning. (5)

5.3

- The theatrical convention in *Woza Albert!* is to use the physical body and mime to portray objects.
- Because they are sustaining the characters of being up in the air in the helicopter and looking down.
- Through the radio, they give the impression of communicating with an invisible character (character in question) so that it gives the illusion of someone else being on the ground below or seated somewhere controlling proceedings.
- Used elements of Poor Theatre and conventions of workshopped theatre.
- Radio and binoculars help create the mood. Real props would get in the way of the performers creating the blades of the helicopter and changing characters quickly. (2)

5.4

- Protest Theatre often uses comedy as a device. Targeted characters are made into caricatures. Often individuals in positions of power that use their power to oppress.
- Comedy will help the audience realise that the apartheid ideology was in fact weak
- The audience, by laughing at these characters, realise their hypocrisy
- Comedy will expose the absurdity of the thoughts of certain key political figures of the apartheid regime PW Botha, the SOUTH African Defence Force (SADF), the Police Force (SAP), and all the apartheid backers.
- Comedy often makes serious issues more accessible and open to debate. There is a cathartic effect through laughter.
- Not enough funds for props.
- The play is also satirical

(6)

5.5 An answer to this question will be the candidates own opinion but it must be supported by reference to the play.

YES

- Though the word is derogatory, it is used in the context of that time
- So we may not forget nor go back to where we come from.
- This play was written pre-1994 to address a certain status quo. If there certain words are taken out, no matter how derogatory they might be, we will run the risk of self-censorship.

NO

- This word is derogatory and should not be used
- When one uses such derogatory words, the impression is created that the use of derogatory words is permissible.
- It is disempowering to Black people and undermines their self-worth
- We need to move forward as a people and avoid all words that are derogatory and disempowering. (4)

5.6 As in Grotowski and Brook's Poor Theatre, *Woza Albert!* relied on;

- The minimal use of props, scenery and technically produced sound. A single prop has many theatrical and dramatic functions.
- The production of ones own soundscapes, scenery and neutral use of costume.
- Creating good actors/audience relationship
- Creative use of the voice
- Use of the physical body to convey powerful images that create an impression on the audience
- Stark lighting to create contrasts of light and dark on stage.
- The use of the actor as a creative source rather than technology as a device to convey drama and meaning
- The performance as the source of the production, and not the script, a is often the case in conventional theatre
- In preparation actors required to look after their bodies and hone them as working tools (no drinking, smoking etc)
- Examples from the play will be accepted

| MARKS | 5.6 | DESCRIPTOR |
|---|---|---|
| 8–10 | Very good | Candidate has an excellent understanding of both Grotowski and *Woza Albert!* He/she is able to refer to poor theatre and use examples from *Woza Albert!* to support the discussion. The answer is in paragraph format rather than point form. |
| 6–7 | Good | Candidate has a good understanding of both Grotowski and *Woza Albert!* He/she is able to refer to poor theatre and use examples from *Woza Albert!*. The answer may be in point form.. |
| 4–5 | Average | Candidate explains poor theatre but does not connect clearly to *Woza Albert!*. May give some simple examples from the play. |
| 0–3 | Weak | Candidate tends to make generalised statements |

| | | |
|---|---|---|
| | | about Grotowski and/or *Woza Albert!*. They are accurate but not clearly connected to question. |

(10)
**[30]**

## VRAAG 6: *SOPHIATOWN* DEUR JUNCTION AVENUE TEATERGESELSKAP

***Hierdie memo is nie in Afrikaans vertaal nie, aangesien die drama slegs in Engels beskikbaar is.***

## QUESTION 6: *SOPHIATOWN* BY JUNCTION AVENUE THEATER COMPANY

6.1 Princess, Mingus' new girlfriend. (1)

6.2 Jakes is a journalist and has a way with words but more importantly Mingus does not know how to read and write (2)

6.3 The description is very suitable because Fahfee is very good with numbers. His name came from the Chinese game called fahfee – a simplistic gambling game using numbers. He knew the game very well and assisted people in interpreting their dreams using the numbers – for example, 1 – king; 17 – diamond lady, etc. Throughout the play Fahfee talks about numbers and this helps keep the audience entertained. Because the game involved collecting bets from various people, Fahfee was kept up to date with the local news and he was also able to keep people informed about the latest news on the political front. His famous line is, 'what's the number?' (5)

6.4 Jakes would exaggerate his movements, lift the letter up in front of him possibly clear his throat and then begin to read in an affected manner, quite loudly. He would emphasise certain words such as, 'my dear, darling Princess, You're smashing, I only go for the best' etc. His facial expression would include raising of eyebrows, a smile or frown when he says, 'I don't get messed around.' He would point to himself when saying, 'I only go for the best,' and wag his finger when he says, 'I don't get messed around.' He could also pat/slap his chest when saying, 'I'm an honest gangster.' Accept candidate's responses if well substantiated. (4)

6.5 The director would get the actor portraying Mingus to react with pride, like a showman. He could strut around or point to himsèlf when Jakes says, ' I only go for the best.' He could point to the items of clothing as Jakes reads them out e.g. Winthrops, Bostonians etc. He swanks around the stage when Jakes reads, 'I am the best dresser in town.' He could move downstage to the words,' I'm an honest gangster' to impress the audience.'
Accept candidate's responses if well supported. (4)

6.6 Mingus believes that love is all about having a beautiful woman at his side who obeys him. He wants to be in control and if she does not listen he will hit her until she listens and loves him again. He is the boss. He takes what he wants.

Jakes is scared of love. He does not want to place his heart under another's control especially since she is a white woman who he does not trust. Jakes prefers to watch and observe rather than be a man of action. (6)

6.7 Answers may include the following: Gangs and gangsters are mentioned at the beginning of the play. We learn that Mingus is part of the Americans and considers himself to be an 'honest gangster', simply because he does not rob the people in Sophiatown, he robs the city centre. Other gangs mentioned in the play include the Berliners, the Gestapo, and the Vultures. Although the play mentions there were battles between these groups not much emphasis is given to it. The focus is more on Mingus as a gangster and the control that he exerts over the characters.

According to Father Trevor Huddleston Sophiatown the place was a very violent place. In fact so much so that Sophiatown became known as the Chicago of South Africa because the gangs really terrorised the residents and sometimes each other. The gangs operated mainly from the bus terminus which was used by Sophiatown commuters and it was generally dangerous living in Sophiatown. The Americans dressed in expensive American clothes – hence the name Americans. They started off as small time pick pockets but later became interested in large-scale crime. Other gangs imitated the Americans and often fought over territory.

Accept candidates original responses if well substantiated.

| MARKS | 6.7 | DESCRIPTOR |
|---|---|---|
| 7–8 | Very good | Candidate is able to discuss both the role of gangs in the play as a theatrical device and historically in Sophiatown. The answer is clear and supported by reference to the play and its function. The candidate demonstrates an excellent understanding of *Sophiatown*. |
| 5–6 | Good | Candidate tends to focus on either the role of gangs in the play and as a theatrical device OR historically in Sophiatown (the second is more likely) Whichever aspect is focused on it is supported by reference to the play directly or indirectly. The candidate demonstrates a good understanding of *Sophiatown*. |
| 3–4 | Average | Candidate explains the role of gangs historically in Sophiatown. Reference to the play is indirect. The candidate demonstrates an understanding of *Sophiatown*. |
| 0–2 | Weak | Candidate tends to make a generalised statement about gangs and the things they do. The answer is correct but not supported by reference to the play. Tends to write a list of things that gangs do. |

(8)
**[30]**

## VRAAG 7: *NOTHING BUT THE TRUTH* DEUR JOHN KANI

***Hierdie memo is nie in Afrikaans vertaal nie, aangesien die drama slegs in Engels beskikbaar is.***

7.1 Sipho seems to have a love/hate relationship with his brother Themba. He is in conflict because Themba is his brother and because of incidents that have happened in the past he feels bitter towards him. He has a lot of pent up anger and jealousy towards Themba. He is happy that Themba is going to university but angry that his father has cashed his insurance policy to send him there. He resented the fact that his father loved Themba more and spent all of his money and energy on him, a fact Themba took for granted much to Sipho's annoyance. Sipho as the older son feels cheated of his inheritance and rightful position in the family. In addition he felt that he had to support Themba through his study which Themba took five years to complete instead of the normal three years. Which meant that Sipho had to continue supporting him. In the end Themba did not even get a job which frustrated Sipho even more because he felt that it was a waste of money. He finally admits that in spite of everything Themba is still his brother. (4)

7.2 Accept candidate's individual and creative interpretations if well motivated and substantiated from the text. Facial expression – Initially facial expression would reflect his calmness but would gradually get animated as he goes along. He would frown or raise his eyebrows when speaking the line – 'My father somehow found the money to send Themba to Fort Hare University.' Slight flaring of nostrils and raising of eyebrows when speaking lines 8–11. Have a sarcastic smile on his face.
Sad expression when he speaks of his mother who really loved him.
Sipho could be seated initially, stand up when he speaks about paying for Themba. He could pace when speaking lines 10–14 and walk hastily to the kitchen to fetch his whisky.
Volume – Initially starts off softly, volume would gradually increase in lines 8–11, it would soften as he speaks of his mother, a little louder as he shows slight anger at his father's favouritism. Loud when he speaks line 15–16.
Tone – starts off conversationally, changes to show resentment that his father Cashed his insurance policy, sarcasm when he speaks of the best holiday that Themba ever had, reflective when he speaks of his mother and anger again as he speaks of his father and brother.
Candidates may also refer Stanislavski's acting techniques as a framework for the question or as support for statements made. (8)

7.3 This is a realistic play and the set would represent a township home. An adapted box set would be most appropriate. The set would have a living area and a kitchen so it would be easy for Sipho to go into the kitchen. The unusual part is that the set shows both the kitchen and the living area – most realistic sets show only one room. (3)

7.4 Thando loves her father, is very respectful of him because he is the head of the home, she has to obey him. Here she is almost challenging him by grabbing the bottle out of his hand, something a child in a traditional home would not do. But Thando knows her father very well and the fact that he has been drinking is a cause for concern because he did not normally drink. She wants to prevent him from drinking more and saying things which might hurt and upset all of them. She is shocked by his unusual behaviour and reacts

trying to put a stop to it. (3)

7.5 Mandisa would have a high pitch and an angry and aggressive tone. One mark pitch one mark tone. (2)

7.6 Struggle heroes have always been celebrated in South Africa even those who were forced into exile. In fact, those who left the country had more opportunities than those who remained behind. There were many faceless people like Sipho who were not regarded as heroes but who attended every march, participated in boycotts, were harassed by police, were arrested and detained, lost family members , had to face the rubber bullets, dogs and tear gas on a daily basis. Sipho represents the thousands who feel let down and disappointed by the new system. He has lived through apartheid South Africa, so he had to deal with the difficulties, prejudices and injustices forced upon black people. He did not get the legal intern job at Spilkin and Spilkin and became a clerk instead. Although he was part of the struggle, he was just part of the crowd. His brother was the 'struggle hero', idolised by Luvuyo. – Who attempted to follow in his uncle's footsteps, ending in his death. He is angry because he feels that he has played by the rules, done more than was expected of him – like helping with Themba's studies but was still not rewarded for his hard work and dedication. Themba's ultimate betrayal of sleeping with his wife caused him to become more embittered. He was also expecting to be promoted to Chief Librarian but was overlooked because they placed a younger man in that position. He battles with finding purpose in a post apartheid society where he is overlooked because of his age.
Sipho finally comes to terms with his pent up feelings of anger, bitterness and resentment by 'telling the whole truth and nothing but the truth,' resulting in his making peace with all that has happened in his life. He can now move forward in his life.

| MARKS | 7.6 | DESCRIPTOR |
|---|---|---|
| 8–10 | Very good | Candidate is able to discuss the role of the struggle hero and that of the ordinary man and can connect this to Sipho's journey and the content of the play. The answer is clear and supported by reference to the play. The candidate demonstrates an excellent understanding of *Nothing But The Truth.* |
| 6–7 | Good | Candidate tends to focus on either the role of the struggle hero OR that of the ordinary man. This is supported by reference to the play . The candidate demonstrates a good understanding of *Nothing But The Truth.* |
| 3–5 | Average | Candidate tends to focus on the role of Sipho and his own issues. This is supported by reference to the play. The candidate demonstrates an understanding of *Nothing But The Truth.* |
| 0–2 | Weak | Candidate tends to make a generalised statement about Sipho and what happens to him. Storyline driven. |

(10)
**[30]**

## VRAAG 8: *GROUNDSWELL* DEUR IAN BRUCE

***Hierdie memo is nie in Afrikaans vertaal nie, aangesien die drama slegs in Engels beskikbaar is.***

8.1 Thami wants financial security and to be able to look after his wife and children. He wants a piece of land big enough to have a couple of cattle on it but close enough to have contact with his neighbours. Johan wants to help Thami to make Johan feel better about his own past. He wants the money to buy a farm where he pictures living with Thami's family. Johan wants some sort of sacrifice to cleanse himself of his previous sins. (4)

8.2 It gives the play an authentic South African feeling. The audience understands the terms either because they are explained earlier or because they are obvious in the context they are used. The play works in a realistic framework and these terms help the actors create characters that are honest. (3)

8.3 Candidates need to refer to the characters in relation to one another but might also place them in the set that would be used for the production. E.g. I would have Thami a little distanced from the other two – perhaps tidying something on the table. Smith sitting in an armchair and Johan moving between the two. When Smith says 'Oh yes?' (line 10) he should look at Thami and then Johan would move between Thami and Smith to explain the situation. He sees himself as Thami's spokesperson. (5)

8.4 Johan is caught up in the possible excitement of making a fortune quickly. He believes that Thami wants the same thing – Johan has a naïve attitude to the diamonds as if it is some magical buried treasure that will solve all his problems. Thami's answer is more pragmatic – he has a wife and family to support so a job is crucial. (4)

8.5 Johan's pace is fast, he believes he knows the right answer and he wants to convince Smith that diamond hunting is a suitable investment for his money. His tone is excited and determined – he really believes that he will be successful one day. Thami's pace is slower and measured. He is making a simple statement of fact. His tone is matter-of-fact and conversational – a contrast to the excitement of Johan. (6)

8.6 All three characters have different feelings of what they are entitled to.

Thami works hard to put away money and tells Johan he is not happy with the law being broken but uses his savings to buy illegal diamonds from desperate men who will sell them for a drink or drugs. He benefits from their addiction and stupidity but believes it is acceptable

Johan wants to make amends for the death of a black man that has haunted him for years – he believes that by helping Thami he will make up for that death. He then is prepared to break the law and threaten Smith and at one stage imply that Smith could be disposed of so that he and Thami will have enough money to buy a concession. He has not really changed at all. Johan believes that he is entitled to Smith's money to buy the concession because he wants it for Thami more than for himself. He believes he is entitled to stay with Thami because he has chosen Thami as the recipient for is confession and to ease his conscience.

Smith believes that what is owed to him has been taken away. His wife has died, his children and grandchildren live overseas, he has been retrenched so although he has money to support himself he feels he is missing out. The country has changed but he feels that he is entitled to everything he had in the past.

| MARKS | 8.6 | DESCRIPTOR |
|---|---|---|
| 7–8 | Very good | Candidate is able to discuss the attitude of all three characters to the theme of entitlement. The paragraph is well structured and cohesive. The answer is supported by reference to the play. The candidate demonstrates an excellent understanding of *Groundswell.* |
| 5–6 | Good | Candidate writes about all three characters (some in more detail than others) but creates three different sections to the answer – one for each and may well structure the paragraph in point form. The candidate demonstrates a good understanding of *Groundswell.* |
| 3–4 | Average | Candidate generally writes about all three characters but focuses on one in more detail. The candidate demonstrates an understanding of *Groundswell.* |
| 0–2 | Weak | Candidate tends to make a generalised statement about the characters. Mày give more detail on one of them.Storyline driven. |

(8)
**[30]**

## VRAAG 9: *SIENER IN DIE SUBURBS* DEUR PG DU PLESSIS

9.1 Jakes wil hê Tjokkie moet 'sien'. ('n Visoen hê van die toekoms.) Hy hoop dat as Tjokkie dagga inneem, sal dit veroorsaak dat hy 'n visoen het. (2)

9.2 Jakes wil hê Tjokkie moet 'sien' of Tiemie swanger is, en hy dus pa gaan word, en Giel wil hê Tjokkie moet sien watter perd die perderesies gaan wen. Ken punte toe vir 'sien', swanger' en ' perderesies. (3)

9.3 *Die kandidaat kan enige van die volgende noem, maar aanvaar enige ander gemotiveerde verwysings na fisiese en vokale vertolking.*
Jakes is die antagonis en die sterkste karakter in die stuk.
Hy verteenwoordig die laagste groep in die subkultuur van die Suburbs. Hy is die 'tang' wat op sy motorfiets rondry en bekend is vir sy losse sedes en sukses met meisies. Hy lyk dus altyd in beheer en kom sterk oor in beide sy fisiese werk en stemwerk. Hy sal sy stem goed projekteer en nooit onseker van homself oorkom nie. Wanneer hy onderprojekteer is dit om dreigend voor te kom. Jakes sal gemaklik op die verhoog lyk en die verhoogruimte vul. Sy vertolking word ondersteun deur die feit dat hy altyd in beheer van 'n situasie is. Punte ka nook toegeken word as kandidate na Stanislavski se tegnieke of sisteem verwys.

Jakes is gewelddadig en aggresief. Hy dwing Tjokkie om 'pot' te rook en martel hom in 'n poging om hom te laat 'sien'. Dit blyk dat hy sy gewese vrou, Sybil, geslaan het. Jakes se liggaamshouding sal dus wys dat hy konflik aanhits en nie skroom om tot geweld oor te gaan nie. Hy is intimiderend en dreigend en die akteur sal nie huiwer om die persoonlike ruimte van die ander karakters binne te dring nie.
Die akteur wat Jakes speel sal sy bewegings moet kan beheer, veral wanneer hy gewelddadig raak.
Die akteur sal 'n goeie stemomvang en stemprojeksie moet hê om die verskillende buie van Jakes uit te beeld.
Die opbou van spanning in die drama word meestal gedryf deur die karakter van Jakes. Hy is 'n dreigende karakter wat 'n gevoel van onheil aan die drama bring en sodoende spanning by die gehoor skep. Sy fisiese werk en stemwerk moet hierdie onheil en spanning aan die gehoor oordra.

| PUNTE | 9.3 | BESKRYWER |
|---|---|---|
| 7–8 | Uitstekend | Antwoord is gefokus; kandidaat ken en verstaan alle kenmerke van Jakes se karakter. Antwoord is goed gestruktureer. Alle aspekte van die fisiese en vokale vertolking is bespreek; kandidaat toon insig en kreatiwiteit, gemotiveer deur voorbeelde uit die teks. |
| 4–6 | Goed | Kandidaat noem baie van Jakes se karaktereienskappe. Antwoord toon 'n mate van kreatiwiteit en insig in die fisiese en vokale vertolking van Jakes. Kandidaat verstaan die vraag en noem voorbeelde uit die teks om te motiveer. |
| 2–3 | Bevredigend | Kandidaat bespreek die basiese eienskappe van Jakes, maar daar kort inligting in die antwoord. Die kandidaat toon 'n gebrek aan visualisering en kreatiwiteit in die fisiese en vokale vertolking van Jakes. |
| 0–1 | Swak | Min of geen poging om die vraag te beantwoord nie. Kandidaat verstaan nie die vraag nie. |

(8)

9.4 Gee erkenning aan kreatiewe, maar gemotiveerde antwoorde – ook uit 'n regisseursoogpunt.
Jakes se kleredrag is 'with it'. Omdat hy op 'n motorfiets rondry, sal hy 'n valhelm dra. Daarby dra hy 'n leerbaadjie by 'n modebroek. Sy skoene sal volgens die nuutste mode wees. (4)

9.5 9.5.1 Hierdie woorde is die slotwoorde van die toneelstuk. (1)

9.5.2 Ma het die kanseldoek in haar hande. Die kleur daarvan is rooi, en dit is nou bebloed. Op die lap is daar in goue borduurdraad geskryf: '*God is liefde*'. (2)

9.5.3 Die klimaks is die emosionele hoogtepunt van die drama. Jakes volg Tiemie die huis in en geluide gee te kenne dat hy haar aanrand (en waarskynlik vermoor). Tjokkie pleeg selfmoord deur die domkrag los te draai en onder die motor in te kruip, sodat die motor hom platdruk. Ma word 'n tragiese figuur aan die einde van die drama. Sy bly heeltemal alleen oor – al haar geliefdes is weg. Giel verlaat haar, Tjokkie sterf en Tiemie word aangerand (en sterf moontlik). Al wat vir haar oorbly, is die bebloede kansellap in haar hande. Haar slotwoorde is 'n verwysing na die tragiese verset van die mens teen die onregverdige noodlot. Gestroop van Giel se bystand en haar twee kinders bly net die seerkry en eensaamheid vir haar oor. Die woorde *'God is liefde'* wat op die kansellap geskryf is, gee 'n ironiese toon aan die tragiek van ma se ontnugtering van die liefde in sy verskillende vorms.

| PUNTE | 9.5.3 | BESKRYWER |
|---|---|---|
| 8–10 | Uitstekend | Antwoord is gefokus en goed gestruktureer. Kandidaat gee 'n volledige verduideliking van Ma as tragiese figuur en die antwoord word gemotiveer deur die klimaks en die handeling aan die einde van die toneelstuk. Alle aspekte is bespreek. Die antwoord toon insig en kreatiwiteit. |
| 5–7 | Gemiddeld | Kandidaat toon beperkte insig in sy/haar bespreking van Ma as tragiese figuur. Die klimaks en handeling aan die einde van die toneelstuk word bespreek, maar daar kort inligting in die antwoord. Die antwoord kort diepte. Vir 5 punte: die antwoord is simplisties en basies |
| 0–4 | Swak | Kandidaat verstaan nie die vraag nie. Die handeling aan die einde van die toneelstuk word vaagweg bespreek, maar nie in verband gebring met Ma as tragiese figuur nie. Die antwoord is onsamehangend. |

(10)
**[30]**

## VRAAG 10: *MIS* DEUR REZA DE WET

10.1 10.1.1 **Gertie:**

Alhoewel Gertie verby haar hubare jare is, reageer sy soos 'n jong meisie in hierdie toneel. Sy giggel en deins terug. Later sien ons dat sy amper jaloers reageer op Konstabel se teenwoordigheid in 'n poging om sy aandag te kry. Sy probeer sy aandag op subtiele wyse bekom deur allerei gunsies. (Sy tel sy stok op, gee koffie aan, ens.) Sy probeer alles in haar vermoë om die ander weg te kry sodat sy alleen met hom kan wees. As Meisie en Konstabel alleen buite is, roep sy hulle in onder die dekmantel dat Meisie sal siek word in die aandlug. Sy wil nog seksueel begeerlik voorkom.

Konstabel is bewus van Gertie se verskuilde begeertes, en hy vertel haar van sy ervaring met tant Hannie en begelei haar verbaal in haar fantasiespel as Hannie. Hy dring deur haar konserwatiewe uiterlike en bring dit aan die lig dat sy in werklikheid 'n onderdrukte en seksueel gefrustreerde vrou is. Hy transformeer haar in hierdie oomblikke van 'n onaansienlike oujongnooi na 'n

begeerlike warmbloedige vrou, totdat die fantasiespel onderbreek word. Hy lê dus Gertie se Calvinistiese skynheiligheid bloot – uiterlik is sy konserwatief, maar haar innerlike begeerte na seksuele bevryding word deur Konstabel se karakter aan die lig gebring. (4)

10.1.2 **Miem:**

Konstabel verpersoonlik vir Miem die redder uit gekneldheid. Sy sien in hom 'n moontlike huweliksmaat vir Meisie en feil Meisie skaamteloos aan hom op. Ten spyte van die konserwatiewe beeld wat Miem deurgaans volhou, bring Konstabel haar valse moraliteit aan die lig. Iemand wat regtig so eng soos sy is, sal nie haar dogter op so 'n blatante manier aan 'n vreemdeling 'verkoop' nie.
Konstabel is ook die een wat die seksuele frustrasies wat sy beleef blootstel - sy bieg teenoor Konstabel oor gevoelens wat laatnag in 'n man se geselskap in haar wakker word.
Verder wys Konstabel haar geestelike blindheid uit – aan die einde gebeur juis dít wat sy gevrees het: Meisie verlaat haar. Konstabel wat so deur haar vertrou is, word die adder in die boesem. Sy was te 'blind' om dit in te sien. (4)

10.2 Daar is etlike blomverwysings in die drama, nl. 'n blom, blombolle, lente, vrugbaarheid, rose, roosbome, die geur van blomme, vrugtebome wat al bot, die welriekende aandblom.
Meisie beveg die stank van die mis deur roosbome onder haar venster te plant.
Die blomverwysings dui ook op Meisie as ontluikende blom uit die mis.
Dit is simbolies van die seksueel ontwakende meisie (wat vrugbaarheid inhou), en haar maagdelike onskuld. Sy hou die belofte van seksuele bevrugting in.
Teenstellend met Meisie wat as ontluikende blom gesien kan word, is Gertie op simboliese vlak die verwelkte blom. Sy wil nog seksueel begeerlik voorkom, en probeer dus innerlike bevryding vind in haar fantasiespel as Hannie. Aanvaar antwoorde wat verwys na lente is die begin van nuwe lewe. (4)

10.3 *Aanvaar ook verwysing na Stanislavski asook enige ander gemotiveerde verwysings na fisiese vertolking.*

Die akteur moet in sy vertolking wys dat die karakter blind is. Hy sal sy liggaam moontlik stil hou, en sy kop effens draai in die rigting van 'n stem wat vanuit 'n nuwe rigting met hom praat. Hy kan sy neus gebruik om aan te dui dat Konstabel se sintuie ooraktief is weens sy blindheid.
Konstabel sal nie vinnig rondbeweeg nie (hy is nog nie vertroud met die ruimte van Miem se huis nie.)

Die akteur moet seker maak dat die wyse waarin hy Konstabel se stok gebruik 'n aanduiding is van Konstabel se blindheid - wanneer hy navigeer en rondtas daarmee, moet hy die stok sien as amper deel van sy liggaam, 'n verlenging van sy liggaam, en nie net as 'n gewone rekwisiet nie. (6)
Die postuur van Konstabel is belangrik: hy sal 'n regop postuur hê (hy is 'n geregsdienaar en ook 'n imposante figuur).

10.4 Tyd speel 'n baie belangrike rol in die toneelstuk.
**Dit is die vooraand van 1 September – lentedag. Lente impliseer nuwe lewe; begin; groei**. Albei vorige geheimsinnige verdwyings het ook op die nag van dieselfde datum plaasgevind. Dit impliseer dat hierdie meisies bevry word van hul knellende bestaan en 'n nuwe lewe tegemoetgaan. Let ook op na die menige verwysings na blomme en groei in die toneelstuk.
**Aand/nag:** Dit nogal beduidend dat die gebeure in die aand en dan later die nag 24:00 afspeel – die kwade uur van die nag. Dit is egter ook die tyd van die towerwêreld. 'n Mens sou hier kon verwys na Aspoestertjie wie se koets en perde ook presies om 24:00 sou verander/transformeer. Dit versterk die tema van Meisie se bevryding en transformasie. Aanvaar enige gemotiveerde antwoord. (2)

10.5 Die ruimtes kan verdeel word tussen dit wat die gehoor kan sien en dit wat gesuggereer word:

**Binneruimte:**
Die ruimte soos ons dit op die verhoog sien, stel die kombuis van 'n uiters armoedige huisie voor. Dit is duidelik dat dit in die vroeër jare afspeel: kleredrag, meubels, koolstoof, ens. dui daarop. Die trap na Gabriel se solderkamer.
Die huisie is van sink gebou.
Daar is deure wat na ander dele lei, bv. die gangdeur wat na die res van die huis lei soos die slaapkamers wat dikwels ter sprake kom.
Dan is daar die agterdeur wat na buite lei (vryheid) en die valdeur in die plafon waar Gabriël al jare lank woon (gevangeskap).

**Gesuggereerde binneruimte:**
Dit is die res van die huis wat hier bo genoem word.
Hierby sou die solder ook genoem kon word.
Al wat van die solder sigbaar is, is net die valdeur.
Dit is egter 'n belangrike ruimte, want Pa (Gabriël) woon al sewe jaar lank daar.

**Gesuggereerde buiteruimtes:**
Hierdie vrolike, misterieuse sirkusruimte met sy liggies staan direk in kontras met die benouende, dofverligte binneruimte.
'n Ander gesuggereerde buiteruimte is die werf om die huisie.
Die kleinhuisie is daar en die hope mis lê daar.

Die ruimtes is van kardinale belang in die drama, want die twee ruimtes (binne/buite) word die heeltyd teen mekaar afgespeel, veral ten opsigte van die karakter Meisie. Dit word twee botsende magte wat die gevoel van vasgekeerdheid vir Meisie verhoog en so die spanning in die drama verhoog.

Dit is die buiteruimte (sirkus) wat Meisie lok. Haar bevryding lê daar. Die ander meisies wat verdwyn het, het onder dieselfde versmorende omstandighede as Meisie geleef. Meisie het dit eenkeer skelmpies na die sirkus gewaag, maar haar ma het haar daar gevang en dan kamstig 'siek' geword a.g.v. die skok en teleurstelling. Sodoende manipuleer sy Meisie se gevoelens om haar binne-in die huis te hou.

Die werf om die huisie is omhein, wat Meisie se vasgekeerdheid vergroot en die hekkie lei na Meisie se verdere bevryding nadat sy by die kombuisdeur uit is. Waar die sirkusruimte 'n kontras vorm met die binneruimte, sluit die werfruimte weer vir Meisie by die benouende binneruimte aan.
Meisie se bevryding begin hier wanneer sy en Konstabel uitgaan om die slopemmer te gaan leegmaak. Dit is hier waar hy met haar reël om haar wit voorstelrok aan te trek.

Die kandidaat kan ook na voorbeelde uit die teks verwys, bv. waar Meisie by die venster uitkyk en deur Miem aangespreek word. Hierdeur word haar gevoel van vrees, maar ook vasgevangenheid, vergroot.

| PUNTE | 10.5 | BESKRYWER |
|---|---|---|
| 8–10 | Baie goed | Kandidaat is in staat om die gebruik van ruimte omvattend te beskryf en te motiveer waarom Meisie se bevryding in die buiteruimte lê. Indien die kandidaat van 'n skets gebruik gemaak het, is dit netjies en duidelik. Ondersteunende opmerkings is logies en omvattend. |
| 6–7 | Goed | Kandidaat is in staat om die gebruik van ruimte te beskryf. Indien die kandidaat van 'n skets gebruik gemaak het, is dit duidelik. Kandidaat het goeie kennis van waarom Meisie se bevryding in die buiteruimte lê. |
| 3–5 | Gemiddeld | Kandidaat beskryf die gebruik van ruimte breedweg. Indien 'n skets gemaak is, is dit baie rof. Kandidaat maak stellings oor Meisie se bevryding wat nie noodwendig duidelik aansluit by die buiteruimte nie. |
| 0–2 | Swak | 'n Paar opmerkings oor die gebruik van ruimte en die stel wat 'n kombuis/huis uitbeeld. Stellings oor Meisie se bevryding wat aansluit by die ruimte gebeur per toeval. Indien 'n skets gemaak is, is dit onduidelik en onnet. |

(10)
**[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 60**

## AFDELING C: TOEPASSING VAN PERSOONLIKE HULPMIDDELS EN BESINNING EN EVALUERING

AFDELING C is VERPLIGTEND.

### VRAAG 11

11.1 Brihannala tree as 'n vertellersfiguur op. (1)

11.2 11.2.1 Beide komedie of ernstige opvoering word aanvaar. (1)

11.2.2 Kandidaat moet sy/haar keuse van komedie of ernstige opvoering regverdig met verwysing na die uittreksel. Bv. alhoewel die onderwerp ernstig is, sou ek die toneel komies aanbied. Sananu is dramaties verlief en Ganga se antwoorde, veral as hulle met geen gesigsuitdrukkings ('deadpan') gespeel word en met geen besef dat sy hom skok nie, verwar hom heeltemal. Sananu en Ganga het totaal verskillende idees van wat liefde is. (3)

11.3 Sananu begin met 'n passievolle stemtoon. Hy verklaar sy liefde aan 'n vrou wat hy seker is hom ook liefhet. Hy praat redelik vinnig en met dringendheid. Sy stemtoon verander na verwarring en skok as sy sê dat sy nie met hom wil trou nie, en hy praat dan met 'n vinnige pas. Soos wat sy haar redes verduidelik, verstadig sy pas en hy begin vrae aan haar vra om te probeer om sy verwarring uit die weg te ruim. Soos wat sy aanhou om hom te verras met haar onverwagte antwoorde, begin hy 'n pleitende toon kry en daarna is hy geskok dat sy nie kinders wil hê nie. Sy pas bly matig soos wat hy probeer om haar te verstaan. (6)

11.4 Aanvaar kandidate se kreatiewe antwoorde as dit goed gemotiveer word met verwysing na die uittreksel. Hulle sal naby aan mekaar begin, dalk in 'n passievolle omhelsing. Wanneer sy sê dat sy nie met hom wil trou nie, sal hy terugtrek, maar sy sal naby aan hom bly omdat sy nie 'n probleem met die situasie sien nie. Sananu sal nader beweeg en ook verder weg van haar beweeg: soms sal hy probeer om haar hand te neem om haar rede te laat verstaan, en soms sal hy in radeloosheid wegdraai. Ganga sal op een plek bly, maar soos wat die konfrontasie voortgaan sal sy haar arms oor haar bors bring en haar van hom afsluit. Sy raak al hoe fermer. (4)
**[15]**

### VRAAG 12

12.1 Aanvaar ja of nee, ken punte toe as kandidaat sy/haar stelling oortuigend geregverdig en gemotiveer het. Die meeste leerders sal nee sê. Bv. Nee - dansers word meestal afgeneem terwyl hulle pragtige posisies met arms en bene skep of grasieus deur die lug spring. In hierdie foto is een persoon gebukkend onder 'n kruiwa en die ander een (met plakkies aan – moeilik om mee te dans) kyk na hom. Hulle dra nie vleiende danskostuums nie. Hulle lyk albei meer na akteurs as na dansers. (5)

12.2 12.2.1 Aanvaar 'sielkundige las', 'stuk gereedskap om mee te martel' of "n slak se skuiling'. As 'n kandidaat 'n ander gebruik voorstel, kyk sorgvuldig na die regverdiging/motivering daarvoor. Een punt vir doel waarvoor dit gebruik word, drie punte vir die verduideliking. Bv. die kruiwa is 'n 'sielkundige las' wat fisies die man belas as voorbeeld van wat sielkundige laste aan 'n karakter doen. Dit is 'n visuele voorstelling van wat in sy kop aangaan. (4)

12.2.2 Die gehoor sal geskok voel, met gevoelens van afkeer en frustrasie vir die man wat onder die kruiwa vasgevang is. Hulle sal met sy situasie simpatiseer en sal wil weet hoe hierdie situasie gaan verander. Aanvaar ander antwoorde indien dit gepas is. (2)

12.2.3 Die kruiwa kan gebruik word as 'n instrument waarmee die kunstenaars hul fisiese teater en akrobatiese vaardighede wys. Die kunstenaar kan 'n handstaan op die handvatsels van die kruiwa doen. Aanvaar ander antwoorde indien dit gepas is. (3)

12.2.4 Kandidate moet 'n voorbeeld van 'n rekwisiet insluit wat op baie maniere in die opvoering gebruik kan word – 'n stoel, tafel, 'n strykplank ens.

| PUNTE | 12.2.4 | BESKRYWER |
|---|---|---|
| 4–6 | Baie goed | Kandidaat het 'n gepaste rekwisiet genoem en kan duidelik beskryf hoe dit in 'n bewegingsopvoering gebruik kan word. Wanneer die kandidaat sy/haar argument ondersteun, toon hy/sy goeie kennis van wat verwag word en moontlik is in 'n bewegingsopvoering. |
| 2–3 | Gemiddeld | Kandidaat noem 'n gepaste rekwisiet en kan verduidelik hoe dit in 'n bewegingsopvoering gebruik kan word. Die antwoord is dikwels kort en ignoreer die instruksie dat die bewegingstuk in 'n groep uitgevoer word. Die kandidaat is geneig om stellings te maak eerder as om sy/haar voorstel te staaf. |
| 0–1 | Swak | Kandidaat gee 'n voorbeeld van 'n rekwisiet, maar sluit nie sinvol aan by die gebruik daarvan in 'n bewegingsop-voering nie. |

(6)

12.3 Hierdie vaardighede kan konkrete voorbeelde soos spreekkoor of gedramatiseerde prosa wees, of ontwikkelingsvaardighede soos konsentrasie en groepwerk wees, of vaardighede wat te doen het met individuele fisiese of vokale optrede, of vaardighede wat aansluit by die vier leeruitkomste.

Vyf punte per vaardigheid. Een daarvan is vir die noem van die vaardigheid en die ander vier punte vir die beskrywing/verduideliking van die vaardigheid. Bv. die vaardigheid om my stem te projekteer. Ek het asemhalingsoefeninge gedoen waar ons geleer is om ons asemhaling te beheer en genoeg asem oor te hê om 'n sin klaar te maak sonder dat die stem sagter raak. Ek het geleer om my spiere te ontspan sodat my stembande ontspanne was. Tydens oefeninge het ek reëls wat ek moes opvoer gebruik om my te leer om my liggaam te beweeg terwyl ek praat.

Die vaardigheid van koorspraak. Ons het geleer hoe om stemme te verdeel in ligte, medium en donker stemme en het verskillende dele van die gedig aan verskillende stemme toegeken. Om die klank van die gedig te verryk, het ons klankdinamika en woorddinamiek gebruik. Op sommige versreëls het ons almal in harmonie gelyktydig gepraat, en soms het ons 'n eenheid van beweging geskep deur fisieke beweging by die koorspraak te voeg. Improvisasie ka nook as verwysing gebruik word. (10)

**[30]**

## VRAAG 13 KIES ENIGE EEN VAN DIE VOLGENDE DRIE VRAE.

### 13.1 LEWENDIGE OPVOERING (KEUSEVRAAG)

| PUNTE | 13.1 | BESKRYWER |
|---|---|---|
| 12–15 | Uitstekend | Dit is duidelik dat die kandidaat die aanhaling verstaan en hy/sy gebruik voorbeelde van toneelstukke wat hy/sy gesien het, tekste wat hy/sy bestudeer het, of hy/sy pas eie ervaring in die antwoord toe. Kandidaat gebruik teaterpraktisyns se filosofieë en/of dramateorie oor teater om te verduidelik hoe die toneelstuk, die akteurs en die gehoor elk 'n rol in die produksie het. Kandidaat is in staat om die aanhaling te bespreek en gebruik konkrete, spesifieke voorbeelde van die rol van die toneelstuk, akteur en die gehoor in 'n samehangende paragraaf. Gee punte vir kreatiewe voorbeelde. |
| 9–11 | Goed | Kandidaat verstaan hoe die toneelstuk, die akteurs en die gehoor elk 'n rol het om in die produksie te speel. Kandidaat noem teaterpraktisyns se filosofieë oor teater of gebruik dramateorie om sy/haar argument te ondersteun. Die antwoord moet duidelike, spesifieke verwysing insluit na: toneelstukke wat hy/sy gesien het, tekste wat bestudeer is of eie ervaring. Daar moet bespreking van al drie aspekte wees. |
| 6–8 | Gemiddeld | Kandidaat gee voorbeelde van hoe die toneelstuk, akteurs en die gehoor nodig is vir die produksie, maar is geneig om meer te fokus op net een of twee van die aspekte eerder as al drie. Dit is onwaarskynlik dat hy/sy 'n teaterpraktisyn as ondersteuning vir sy/haar idees sal gebruik. |
| 4–5 | Elementêr | Kandidaat maak stellings oor die toneelstuk, die akteurs en die gehoor, maar dit is veralgemenings. Fokus dikwels op net een aspek (waarskynlik die akteur) en maak eerder konkrete stellings oor daardie spesifieke aspek. Is geneig om te fokus op eie opinie en gebruik nie dramateorie om sy/haar idees te rugsteun nie. |
| 0–3 | Swak | Kandidaat maak eenvoudige stellings wat aansluit by die toneelstuk, die akteur en die gehoor. Dit is onwaarskynlik dat hy/sy na een van die volgende sal verwys: toneelstukke wat hy/sy gesien het, tekste wat bestudeer is of eie ervaring. Geen bespreking hoegenaamd van idees nie. |

**[15]**

**OF**

Kopiereg voorbehou

## 13.2 MEDIASTUDIE (KEUSEVRAAG)

| PUNTE | 13.2 | BESKRYWER |
|---|---|---|
| 12–15 | Uitstekend | Dit is duidelik dat die kandidaat filmteorie verstaan en hy/sy is in staat om die tradisionele filmregie te vergelyk met dié van MTV en advertensies. Hy/sy gebruik voorbeelde van filmtegnieke wat hy/sy gesien het en video/filmteorie wat bestudeer is. Kandidaat is in staat om **'n argument saam te stel** waarin hy/sy die aanhaling bespreek en die kandidaat gebruik konkrete, spesifieke voorbeelde. |
| 9–11 | Goed | Kandidaat verstaan filmteorie en is in staat om die tradisionele filmregie te vergelyk met dié van MTV en advertensies. Hy/sy gebruik voorbeelde van filmtegnieke wat hy/sy gesien het en video/film wat bestudeer is. Daar behoort 'n bespreking van die aanhaling te wees. |
| 6–8 | Gemiddeld | Kandidaat behoort in staat te wees om die basiese filmtegnieke te bespreek asook hoe hulle verskil van die MTV- en advertensiestyl. Daar mag dalk nie 'n direkte bespreking van die aanhaling wees nie. |
| 4–5 | Elementêr | Oor die algemeen is die kandidaat geneig om op eie opinie van film, MTV en advertensies eerder as enige bespreking daarvan te fokus. Kandidaat is dikwels herhalend en gebruik dikwels 'ek dink...' Dit is onwaarskynlik dat daar 'n direkte bespreking van die aanhaling sal wees. |
| 0–3 | Swak | Kandidaat maak eenvoudige stellings wat aansluit by film, MTV of advertensies. Geen bespreking van die aanhaling of idees nie. |

**[15]**

**OF**

## 13.3 KULTURELE OPVOERING EN RITUEEL (KEUSEVRAAG)

| PUNTE | 13.3 | BESKRYWER |
|---|---|---|
| 12–15 | Uitstekend | Dit is duidelik dat die kandidaat die aanhaling verstaan en beide vir en teen die aanhaling kan argumenteer. Hy/sy gebruik voorbeelde van kulturele opvoerings en rituele wat hy/sy gesien het of self ervaar het. Kandidaat mag selfs inheemse teaterpraktisyns se filosofieë oor die rol van inheemse teater gebruik om sy/haar argument te staaf, alhoewel dit nie essensieël is nie. Kandidaat is in staat om 'n argument saam te stel wat die aanhaling bespreek en gebruik konkrete en spesifieke voorbeelde van rituele. |
| 9–11 | Goed | Kandidaat behoort rituele waar interaksie tussen mense en die geestelike wêreld plaasvind te bespreek MAAR as een aspek baie goed bespreek word, kan die kandidaat in hierdie kategorie val. Die antwoord moet duidelike, spesifieke verwysing insluit na: kulturele opvoerings/rituele wat hy/sy gesien het, of eie ervaring. Daar moet 'n bespreking van die aanhaling wees. |

| | | |
|---|---|---|
| 6–8 | Gemiddeld | Oor die algemeen het die kandidaat 'n sterk gevoel dat daar interaksie tussen mense en die geestelike wêreld is. Hy/sy moet verwys na een van die volgende: kulturele opvoerings/ rituele wat hy/sy gesien het, of eie ervaring. Daar mag dalk nie 'n direkte bespreking van die aanhaling wees nie. |
| 4–5 | Elementêr | Kandidaat maak 'n algemene stelling dat daar interaksie tussen mense en die geestelike wêreld is. Hy/sy verwys na die volgende: rituele wat hy/sy gesien het, of eie ervaring. Is geneig om op eie opinie te fokus eerder as enige bespreking. Kandidaat is dikwels herhalend en gebruik dikwels 'ek dink...' Dit is onwaarskynlik dat daar 'n direkte bespreking van die aanhaling sal wees. |
| 0–3 | Swak | Kandidaat maak simplistiese stellings wat aansluit by die idee dat daar interaksie tussen mense en die geestelike wêreld bestaan. Dit is onwaarskynlik dat hy/sy sal verwys na die volgende: kulturele/godsdienstige rituele wat hy/sy gesien het of eie ervaring. Geen bespreking van die aanhaling nie. |

13.3 Antwoorde op hierdie vraag sal subjektief wees, maar die volgende mag voorbeelde/idees wees van waar en wanneer die meeste van hierdie rituele plaasvind (en dit is nie beperk tot net die volgende nie):

- Elke koninklike opstal het gewyde plekke soos die koeistal, poele, berge ens. Sekere gewyde seremonies en rituele word in hierdie gewyde plekke op sekere tussenposes/tye/maande van die jaar opgevoer as nasionale gebede ens. 'n Voorbeeld hiervan sou wees die jaarlikse seremonie van iNcwala (EmaSwati)/uMkhosi woSelwa of wokweShwama (AmaZulu), ens. Hierdie seremonie vind plaas van November tot vroeg in Januarie.
- Met party van die tye waarop hierdie gewyde seremonies plaavind, word daar sekere temas gevier. Dit sal temas insluit soos 'Sikliese Geboorte'. 'n Voorbeeld hiervan sal die jaarlikse uMhlanga (EmaSwati)/uMkhosi woMhlanga (AmaZulu)/Mokete wa leHlaka (BaSotho, BaPedi, BaTswana)/Umnyanya woMhlanga (AmaNdebelle)/Umnyadala woMhlanga (AmaXhosa) wees. Neem asb. daarvan kennis dat in sommige gemeenskappe dit nie meer beoefen word nie, alhoewel die naam daarvan steeds bekend sal wees.
- Elke opstal het sekere gewyde plekke soos etiko (SiSwati)/eziko (IsiZulu, IsiXhosa, IsiNdebele)/le ifo (SeSotho)/tshivhasa (TshiVenda) [vuurherd] binne die gewyde indlu kagogo of indlunkhulu (SiSwati)/indlu kagogo of indlunkulu (IsiZulu)/ungquphantsi (IsiXhosa) [grootmoeder se hut]. Sekere gebede OF emsamo (SiSwati, IsiZulu, IsiXhosa) waar wierook op 'n sekere tyd en wyse gebrand word soos wat die kulturele protokol en verwagtinge dit toelaat. **[15]**

**TOTAAL AFDELING C: 60**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou